higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT POLISIËRINGSPRAKTYKE
NKR VLAK 2

(8011022)

22 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

474Q1N2422

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
INLEIDING TOT POLISIËRINGSPRAKTYKE
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die San-mense is van die vroegste bekende lede van die ...

A jagter-versamelaars.
B homo sapiens.
C Khoisan.
D Khoikhoi.

1.2 Die mense wat veeboere geword het, staan bekend as die …

A San.
B Khoikhoi.
C Khoisan.
D inheemse mense.

1.3 Suid-Afrika was ’n ... kolonie.

A Portugese
B Belgiese
C Britse
D Spaanse

1.4 Die eerste mense wat Suid-Afrika bewoon het, was die …

A San en die Khoikhoi.
B Britte.
C Europeërs.
D Hollanders.

1.5 Die begin van die vredesproses wat tot demokrasie gelei het, het in ... begin.

A 1992
B 1994
C 1990
D 1996

1.6 Die SAPD ontvang sy mandaat van die ...

A Minister van Polisie.
B President.
C Lid van die Parlement.
D Grondwet.

Kopiereg voorbehou

1.7 Suid-Afrika het ... provinsies soos voorgeskryf in die Grondwet.

A tien
B nege
C agt
D ses

1.8 Die SAPD is die nasionale polisiediens met jurisdiksie oor die ... heen.

A wêreld
B provinsie
C distrik
D land

1.9 ’n Beampte van die militêre polisie moet as ’n ... beskou word.

A provoos-maarskalk-generaal
B generaal
C kommissaris
D vredesbeampte

1.10 Hoofstuk 11 van die Grondwet handel oor ...

A sekuriteitsdienste.
B Handves van Regte.
C vryheid van spraak.
D vryheid van assosiasie.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Misdaadvoorkoming is die verantwoordelikheid van slegs die polisie.

2.2 Die geleenthede wat aan ’n persoon gegee word om misdaad te pleeg, is aanleidende faktore.

2.3 Die begeerte van ’n persoon om misdaad te pleeg, is snellerfaktore.

2.4 Die vermindering van maatskaplike misdaad en wanorde behels om met potensiële of werklike oortreders te werk om hulle van die pleging van misdaad af te wend.

2.5 In sekondêre misdaadvoorkoming identifiseer jy potensiële oortreders.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1		A	Luitenant-kolonel
3.2		B	Luitenant-generaal
3.3		C	Majoor
3.4		D	Luitenant
3.5		E	Kolonel
3.6		F	Generaal
3.7		G	Brigadier
3.8		H	Kaptein
3.9		I	Generaal-majoor
3.10		J	Luitenant-generaal

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

fisiek; gereelde; onproduktief; herbou; uittreerang; middelrang; bevorderingsrang

4.1 As jy nie genoeg slaap nie, sal jy gedurende die dag ... wees.

4.2 Tegnologie het ons lewenstyle verander en ons minder ... aktief gemaak.

4.3 In 'n peloton of afdeling is die rang direk bo jou die …

4.4 In ’n peloton of afdeling is die rang tussen die bevorderings- en aftreerang die …

4.5 In ’n peloton of afdeling is die rang aan die einde van jou dienstydperk die …

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die foto hier onder en beantwoord die vrae.



5.1.1 Wat is ’n misdaadtoneel? (2)

5.1.2 Hoekom is fisiese getuienis so belangrik? (3)

5.1.3 Definieer *kriminalistiektegnieke*. (2)

5.1.4 Noem VIER verskillende tipes misdaadtonele. (4)

5.1.5 Verduidelik die hantering van bewysmateriaal nadat dit op die misdaadtoneel ingesamel is. (4)

5.2 Wie is die Nasionale Kommissaris van die SAPD? (1)

5.3 Verduidelik wanneer en waar ’n militêre polisiebeampte polisiefunksies mag uitvoer. (2)

5.4 Noem TWEE belangrike funksies van Metropolisiebeamptes. (2)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 6

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

VETSUGWAARSKUWING VIR POLISIEBEAMPTES

Polisiebeamptes is wetsgehoorsame burgers wat 'n uniform dra om wette af te dwing. Hulle het die reg om oorgewig te wees, maar dit kan en sal teen hulle gebruik word in die uitvoering van hul diens. Studies dui op die behoefte dat polisiedepartemente programme instel wat gesonde beamptes voorberei en handhaaf wat hul werk deur hul loopbane heen goed kan verrig. Die studie ontbloot die dringende behoefte dat polisiebeamptes fisiek en geestelik fiks moet wees en voer aan dat oorgewig en onfikse beamptes hulself en die publiek in gevaar stel. Aanbevelings word gedoen wat polisiedepartemente en -beamptes kan gebruik in die werwing en opleiding van toekomstige beamptes en veteraanbeamptes om gesonde en fiks polisiebeamptes te lewer. Hoewel die samelewing verantwoordelik is vir die tipe polisie wat hulle verkies, is polisiëring fisiek uitdagend en te belangrik om aan onfikse individue oor te laat.

6.1	Noem VIER komponente van 'n gesonde lewenstyl.	(4)
6.2	Beskryf die voordele van fisieke fiksheid in 'n gesonde lewenstyl.	(3)
6.3	Verduidelik die komponente van die standaard polisiefiksheidstoets.	(3)
6.4	Noem VYF funksies van die Nasionale Kommissaris van die SAPD.	(5)
6.5	Beskryf die doel van 'n organogram.	(8)
6.6	Wat is 'n *organogram*?	(2)
6.7	Definieer die term *apartheid*.	(3)
6.8	Wat is 'n kolonie?	(2)
		[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Kies slegs EEN van die volgende vrae om te beantwoord.

VRAAG 7

7.1 Beskryf polisiëring soos dit gedurende die voorkoloniale tydperk in Suid-Afrika plaasgevind het. (10)

7.2 Bespreek hoe misdaadintelligensie in die SAPD ingesamel word deur gebruikmaking van praktiese voorbeelde. (10)
[20]

OF

VRAAG 8

8.1 Beskryf die tipes wette wat gedurende apartheid in Suid-Afrika bestaan het. (10)

8.2 Bespreek die oogmerke van die Nasionale Misdaadvoorkomingstrategie. (10)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou